# REGISTRASIEVORM (VOLTOOI IN BLOKLETTERS ASSEBLIEF)


**STARGATE**
International

**Groeptoer Operateurs**
**Posbus 1151**
**O.R.TAMBO INTERNASIONALE**
**LUGHAWE 1627**

**Tel: 011 918-7567**
**Whatsapp: 082 478-0895**
**tafelberg@stargateint.co.za**
**Sell: 083 453-6505**


*VAN (Soos per paspoort)* ______ *TITEL* ______

*VOORNAME (Soos per paspoort)* ______

*IDENTITEITSNOMMER* ______

*NOOIENSVAN (Indien van toepassing)* ______ *NOEMNAAM* ______

*TIPE PASPOORT (Suid Afrikaans / ander Nasionaliteit)* ______ *PASPOORT NOMMER* ______

*DATUM VAN UITREIKING* ______ *PLEK VAN UITREIKING* ______

*VERVALDATUM* ______ *GEBOORTEPLEK (Dorp/Stad)* ______

*WOONADRES* ______

*POSADRES* ______

*TELEFOONNOMMER (H)* ______ *TELEFOONNOMMER (W)* ______

*E-POS ADRES* ______ *SELLULÊRE NOMMER* ______

*BEROEP* ______

*KAMERPLASING: (Merk asb met X waar van toepassing*

***Dubbelkamer:*** ☐ ***Tweebed-kamer:*** ☐ ***Enkelkamer (supplement koste):*** ☐

*TOERLEIER*
***Prof Stephan Joubert***

*VERTREKDATUM*
***24 September 2026***

*TOER BESKRYWING (Merk asb met X waar van toepassing)*

***Toer na TURKYE onder leiding van Stephan Joubert:*** ☐ ***Reisversekering:*** ☐

*SPESIALE VERSOEKE* ______

*KAMERMAAT (Indien u versoek om 'n kamer met 'n ander persoon op die toer te deel, en ons u dalk nie op hierdie wyse kan akkommodeer nie, sal die enkelkamer bybetaling vir die rekening van die passasier wees)* ______

Hierby ingesluit my nie-terugbetaalbaare deposito van **R10,000** per persoon as registrasie vir bogenoemde toer, plus reisversekering van **R1,230** vir onder 70-jarige ouderdom of **R2,930** vir passasiers onder 80. In geval van 'n direkte deposito in ons bankrekening, faks asseblief die Depositostrokie en Registrasievorm na ons kantoor by 086 634-3775 of e-pos: tafelberg@stargateint.co.za of whatsapp by: 083-453-6505. Ek bevestig en aanvaar hiermee die "Kennisgewing aan deelnemers" soos gelees op die keersy van hierdie registrasievorm.

**Bankbesonderhede: STARGATE INTERNATIONAL, ABSA Bank, Eastlands - tjekrekening**
**Takkode: 632005 Rekening Nommer: 1022810355**

Gebruik asb u **VAN** gevolg deur die kode **24SepSJ** as verwysing met inbetaling

**Slegs geldig indien deposito deur Stargate ontvang is**

*HANDTEKENING* ______

*DATUM* ______

## KENNISGEWING AAN DEELNEMERS

Mnre **Stargate International**, hulle verwante maatskappye en agente, en die persone, partye of organisasies wat namens of in oorleg met hulle optree, as hulle agent, en alle groepleiers (hierna"die Organiserende Agente" genoem) gee kennis dat:

1. (a) **MET** die uireiking of die verkryging van enige kaartjie of koepon en die treffing van enige reëling vir vervoer of verblyf, tree die Organiserende Agente slegs as agente op en is hulle nie enigerwys aanspreeklik as prinsipale nie.
   (b) **DIE** Organiserende Agente sal geregtig wees om enige reëling te maak vir die uitreiking van enige kaartjie of koepon vir vervoer of verblyf soos hulle goeddunk.
   (c) **DIE** Organiserende Agente nie in enige omstandighede aanspreeklik is nie, hetsy in kontrak of versuim vir enige skade, besering (insluitende dood) verlies,vertraging of ongerief van enige aard hoegenaamd wat enige passasier aangedoen word terwyl op enige toer of reis of terwyl 'n tydelike inwoner in enige vreemde land as gevolg van enige reëling wat deur die Organiserende Agente getref word of van enige beweerde versuim deur die Organiserende Agente om bevredigende of enige reëling te tref, en hetsy veroorsaak deur die optrede of versuim van enige van die dienaars,agente of onderkontrakteurs van die Organiserende Agente.
2. **ELKE** passasier stem in dat hy, sy erfgename, eksekuteurs, administrateurs en/of regsverkrygendes die Organiserende Agente, hulle dienaars en agente skadeloos stel van en teen alle eise vir skadevergoeding voortspruitende uit enige oorsaak hoegenaamd teen enige persoon wat 'n eis mag instel teen die Organiserede Agente of enige van hulle, hetsy vir verlies of skade aan eiendom in die bewaring van die passasier, hetsy sodanige eis gebaseer is of beweer word gebaseer te wees op die versuim van die Organiserende Agente al dan nie.
3. **ALLE** reëlings is onderworpe aan die wette van die land waar die vervoer of verblyf of ander diens voorsien word.
4. **ALLE** pryse is vanaf die vertrekpunt, aangedui in die toerprogram en gebaseer op pryse en wisselkoerse heersende ten tye van opstelling van die dokument waarin die notering gedoen word, en is onderworpe aan verandering sonder kennisgewing. Alle genoteerde pryse is per persoon wat akkommodasie deel.
5. **KOERIERS** of verteenwoordigers het geen magtiging of verlof om enige gelde wat betaal is terug te betaal of enige regte te gee om 'n terugbetaling van die Organiserende Agente te eis nie.
6. **DIE** Organiserende Agente kan hulself nie verantwoordelik hou vir die verkryging van terugbetalings op verlore of ongebruikte kaartjies ,koepons of bewyse nie, alhoewel alle pogings aangewend sal word om vereffening te eis namens passasiers.
7. **KANSELLASIES** Deposito's is nie terugbetaalbaar nie indien 'n bespreking gekanselleer word. Die Organiserende Agente behou ook die reg om die volle of 'n gedeelte van die toerprys te behou wat aan Agente oorbetaal is vir of namens 'n persoon wat die bespreking kanselleer. Indien kostes namens 'n passasier aangegaan is en toerprysbetaling nog nie ontvang is van die passasier aan die Organiserende Agente, sal die passasier verantwoordelik wees vir die rekening. Skriftelike kennis moet gegee word met kansellasies. Domisilie adres: Stargate International. Eenheid 19, Oaklane Office Park , Grippen Rd, Bartlett , Boksburg1459
8. **REISVERSEKERING:** Kansellasiedekking en mediese reisversekering word sterk aanbeveel indien u weens onvoorsiene omstandighede sou moes kanselleer. **Reisversekering moet tesame met u eerste deposito/registrasie betaal word om die geldigheid van die maksimum reisdekking te verseker.** Dit is die verantwoordelikheid van die passasier om die polisvoorwaardes na te gaan vir uitsluitings. **DIE** Organiserende Agente is nie aanspreeklik vir enige eise wat nie uitbetaal word nie.
9. **AANDAG** word gevestig op die talle veranderings in amptelike roosters en passasiers word versoek om self enige vertrektye op enige program of reisplan te bevestig.
10. **DIE** betrokke lugredery kan nie veratwoordelik gehou word vir enige daad, versuim of gebeure gedurende die tyd wat die passasiers nie aan boord van hul vliegtuig is nie. Die passasierskaartjies wat deur die lugredery gebruik word, vorm wanneer uitgereik die enigste kontrak tussen die lugredery en die koper van hierdie kaartjie en of passasier.
11. **PASSASIERS** word daaraan herinner dat bagasie of persoonlike eiendom wat op die toer geneem word op eienaarsrisiko is en passasiers word aangeraai om dit self te verseker. Deposito-en kansellasieversekering, persoonlike ongeval-en siekteversekering word NIE ingesluit nie, tensy anders aangedui in u reisplan.
12. **DIE** Organiserende Agente behou hulle die reg voor om die toer te kanselleer of te laat vaar, in sodanige geval sal alle gelde wat betaal is terugbetaal word, minus enige uitgawes, uitbetalings of enige ander verpligting wat namens die passasier aangegaan is, en in sodanige geval word geen verdere aanspreeklikheid hoegenaamd deur die Organiserende Agente aanvaar nie. Die reg word verder voorbehou om die toer te wysig op enige wyse wat hulle as wenslik beskou. In sodanige gevalle sal daar nie met die geprojekteerde toer voortgegaan word tensy 'n minimum getal passasiers (na goeddunke van die Organiserende Agente) deelneem nie.
13. **TOERE** word beplan op die basis van twee-bed kamers en waar, om redes buite hulle beheer, die Organiserende Agente enige deelnemer nie op hierdie wyse kan huisves of akkommodeer nie, sal die passasier verplig wees om die bykomstige bedrag vir 'n enkelkamer te betaal, tensy hy/sy met twee ander passasiers kan reël om 'n drie-bedkamer met hulle te deel. In geval 'n drie-bedkamer gebruik word, sal die tarief vir tweebed akkommodasie van toepassing wees.
14. **DIE** Organiserende Agente behou die reg voor om die volgorde van besigtigingstoere na hulle goeddunke te wysig.
15. **DEELNEMING** beteken dat die deelnemer die "Kennisgewing aan Deelnemers" gelees het en aanvaar,en dat sy/haar deelname aan daardie voorwaardes onderhewig is.
16. **ALLE** deposito's en toergelde moet aan **STARGATE INTERNATIONAL TRUST** betaalbaar gemaak word en geen verantwoordelikheid enigsins word aanvaar vir betalings gemaak aan 'n derde persoon nie. 'n Nie-terugbetaalbare deposito is betaalbaar met die bevestiging van die bespreking om plek te verseker.
17. **VISUMS** kan namens die passasier deur ons kantoor verkry word. Dit is egter die verantwoordelikheid van die passasier om te verseker dat die nodige dokumentasie betyds ingedien word, en dat die visum/s vir korrektheid nagegaan word. Die organiserende agente aanvaar geen verantwoordelikheid vir visums wat verkeerdelik deur ambassades uitgereik word nie.
18. **DIE** Organiserende Agente behou verder die reg om gelyste hotelle (soos hulle goeddunk) met ander van dieselfde of 'n beter kategorie te vervang teen geen ekstra koste aan die passasier.
19. **DIE** Organiserende Agente aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige dokumente wat per koerier of pos verlore raak nie.
20. **DIE** Organiserende Agente aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies weens kansellasie, vertragings, verlengings, veranderings van toerreëlings of siekte, hospitalisasie of dood weens Covid19/Coronavirus/SARS-CoV-2 of enige variant of mutasie daarvan nie of enige verlies weens die verklaring van 'n epidemie, pandemie of nood gesondheidtoestand wat plaaslik of Internasionaal verklaar word nie of die onsuksesvolle verkryging van inentings of sertifikate om te reis deur die passasier nie.
21. **POPI-WET:** Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. Deur hierdie vorm te voltooi gee u toestemming dat u inligting deur Stargate gestoor word vir toer-verwante gebruik en kommunikasie. Ons respekteer u privaatheid, en is daartoe verbind om u persoonlike inligting saam met u te beskerm, en verantwoordelik te bestuur.